higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

NKR VLAK 2

(Tweede vraestel)

24 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN DIE NASIENERS

Om nasien en moderering te vergemaklik, moet die volgende nagekom word:

1. Nasieners moet die antwoorde op die vraestel uitwerk voordat die nasienriglyn bespreek word.

2. **Akkuraatheid** word negatief met 'n rooi pen nagesien (/).

   Manipulasie word met 'n blou pen (X of ✓) nagesien en die nommer van die manipulasie moet langs elke regmerkie (✓) of kruisie (X) geskryf word, bv. 1✓/1X.✓
   Om te verseker dat kandidate beloon word vir take wat goed uitgevoer is, verloor hy/sy die maksimum punte wat vir akkuraatheid toegeken is, bv. indien 3 punte vir akkuraatheid toegeken is, maar die kandidaat maak 5 foute, verloor hy/sy slegs 3 punte. Die kandidaat word steeds beloon vir manipulasie wat korrek uitgevoer is.

3. Akkuraatheidsfoute sluit spelfoute/insleutelfoute, weglatings en herhalings in. Bokas, onderkas, reël- en letterspasiëring word as manipulasiefoute nagesien.

4. Om met die nasienproses te help, word aanbeveel dat 'n transparanttemplaat van die uiteensetting van die punte vir elke vraag aan die begin van die nasienriglynbespreking gemaak word. Alle nasienwerk op die DRUKSTUK (regmerkies en kruisies) moet in dieselfde posisie soos op die nasienriglyntemplaat aangedui is, gemaak word.

5. Die volgende tabelformaat kan gebruik word om punte wat vir elke vraag toegeken is, op die DRUKSTUK te skryf. **(NB: syfers in die tabel is slegs vir demonstrasie-doeleindes)**:

	A	M	T
Skryf die totale moontlike punt in hierdie reël	9	12	21
Skryf die kandidaat se foute in hierdie reël	1	2	3
Skryf die punte wat die kandidaat behaal het in hierdie reël	8	10	1

6. Die kandidaat se totale punt word langs die ooreenstemmende VRAAGNOMMER op die voorblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf.

7. Indien die kandidaat 'n DRUKSTUK ingelewer het, maar 0 (nul) vir die antwoord verdien het, word 0 (nul) langs die ooreenstemmende VRAAGNOMMER op die voorblad geskryf.

8. Indien die kandidaat nie 'n DRUKSTUK ingelewer het nie, trek 'n streep deur die blok langs die ooreenstemmende VRAAGNOMMER. Indien 'n kandidaat duplikaat DRUKSTUKKE ingelewer het, word 'n streep oor die duplikaat DRUKSTUK getrek en die woord 'DUPLIKAAT' daaroor geskryf.

9. Alle DRUKSTUKKE moet die kandidaat se EKSAMENNOMMER en 'n KONSEKWENTE WATERMERK bevat. Indien 'n kandidaat 'n DRUKSTUK sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER en/of 'n konsekwente WATERMERK ingedien het, moet die antwoord nagesien en dit as 'n onreëlmatigheid gerapporteer word.

Kopiereg voorbehou

10. Alle onreëlmatighede word nagesien en die punte na die DEKBLAD oorgedra. Die kode, IRR, of die woord ONREËLMATIGHEID word langs die persentasie geskryf en 'n onreëlmatigheidsverslag word voltooi.

11. Sien SLEGS na wat in die nasienriglyn aangedui word en moenie kandidate vir outomatiese formatering of style wat gebruik is, byvoorbeeld in MS Office 2007, penaliseer nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**2**
MANIPULASIE	**13**
TOTAAL	**15**

VRAAG-NOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
1.1	✓✓	Penaliseer vir alle tikfoute soos spelling, weglating of herhaling van teks. Trek EEN punt per fout tot 'n MAKSIMUM van TWEE punte af. MOENIE twee keer vir foute penaliseer nie, omkring dit eerder. MOENIE vir bokas, onderkas, reël- en letterspasiëring onder akkuraatheid penaliseer nie.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
1.2	1	✓	Kopskrif: Korrek ingevoeg
	2	✓	Kopskrif: EKSAMENNOMMER linksbelyn
	3	✓	Kopskrif: VRAAG 1 regsbelyn
1.3	4	✓	Lettertipe: Gadugi (konsekwent deur die hele dokument)
	5	✓	Lettergrootte: 12
1.4	6	✓	Voeg datum in: Datum in die korrekte posisie ingevoeg (aanvaar enige formaat)
1.5	7	✓	Spasies tussen paragrawe
1.6	8	✓	Opskrif: Kursief
	9	✓	Opskrif: Vetdruk
1.1	10	✓	Reël- en letterspasiëring konsekwent deur die hele dokument
	11	✓	Bokas en onderkas konsekwent deur die hele dokument
1.8	12	✓	Dokument op EEN A4-bladsy gedruk
	13	✓	Bladsygerigtheid: Portret

Kopiereg voorbehou

1. Kopskrif: Korrek ingevoeg✓ 2. Kopskrif: Eksamennr, L/B✓ 3. Kopskrif: VRAAG 1 R/B✓

EKSAMENNOMMER VRAAG 1

Phalaborwa Kollege
H/v Kerkstraat en Georgestraat
PHALABORWA
1389

4. Lettertipe: Gadugi✓ 5. Lettergrootte: 12✓

6. Voeg datum in✓

Vandag se datum

7. Spasies tussen paragrawe✓

Geagte Studente

Opskrif: 8 Kursief✓ 9. Vetdruk✓

Onderwerp: Uitnodiging na 'n seminaar oor middelmisbruik

Die Departement van Gesondheid gaan die kollege besoek om studente oor die misbruik van middels in te lig. Die besluit is beïnvloed deur die vinnige styging in die aantal gevalle van middelmisbruik en die gepaardgaande las op gesondheid en die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika.

Onthou, middelmisbruik dra by tot gesondheidsverwante toestande soos sterftes, beserings, geweld, MIV/VIGS, tuberkulose en chroniese siektes soos kardiovaskulêre siekte, kanker en geestesteurings.

Bywoning sal jou help om soveel moontlik te leer om sulke situasies te vermy en dit sal jou help om jou vriende wat reeds in gevaar is, te ondersteun.

DATUM: 31 Oktober 2024
TYD: 09:00
PLEK: Kollege Ouditorium

Ek sien daarna uit om jou daar te sien!

Die uwe
Mnr. TP Thulo (VSR-PRESIDENT)
PHALABORWA KOLLEGE

10. Reël- en letterspasiëring konsekwent✓
11. Bokas en onderkas konsekwent✓
12. Dokument op EEN A4-bladsy gedruk✓
13. Bladsygerigtheid: Portret✓

A	M	T
2	13	15

[15]

VRAAG 2

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**3**
MANIPULASIE	**17**
TOTAAL	**20**

VRAAG-NOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
2.7	✓✓✓	Penaliseer vir alle tikfoute soos spelling, weglating of herhaling van teks – SLEGS in nuwe teks wat ingevoeg is. Trek EEN punt per fout in die dokument tot 'n MAKSIMUM van DRIE punte af. MOENIE twee keer vir foute penaliseer nie, omkring dit eerder. MOENIE vir bokas, onderkas, reël- en letterspasiëring onder akkuraatheid penaliseer nie.

VRAAG-NOMMER	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
2.1	1	✓	Kopskrif: VRAAG 1 na VRAAG 2 verander
2.2	2	✓	Adres: *Tab* om na regs in te keep soos aangedui is
	3	✓	Datum: *Tab* om na regs in te keep soos aangedui is
2.3	4	✓	Opskrif: Onderstreep
	5	✓	Opskrif: Gesentreer
2.4	6	✓	Opskrif: Bokas
2.5	7	✓	Paragraaf 2: Regsbelyn
	8	✓	Paragraaf 2: Kursief
2.6	9	✓	Paragraaf 3: 'ondersteun' dubbel onderstreep
2.7	10	✓	Bokas en onderkas (SLEGS nuwe teks wat ingevoeg is)
	11	✓	Reël- en letterspasiëring (SLEGS nuwe teks wat ingevoeg is)
2.8	12	✓	Genommerde lys ingevoeg
2.9	13	✓	Datum, Tyd & Plek: Kursief
	14	✓	Datum, Tyd & Plek: Vetdruk
2.10	15	✓	'PHALABORWA KOLLEGE' geskrap
2.12	16	✓	Dokument op EEN A4-bladsy gedruk
	17	✓	Bladsygerigtheid: Portret

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER

1. Kopskrif na VRAAG 2 verander✓ VRAAG 2

2. Adres: Tab om na regs in te keep✓
3. Datum: Tab om na regs in te keep✓
4. Opskrif: Onderstreep✓
5. Opskrif: Gesentreer✓
6. Opskrif: Bokas✓

Phalaborwa Kollege
H/v Kerkstraat en Georgestraat
PHALABORWA
1389

Vandag se datum

Geagte Studente

ONDERWERP: UITNODIGING NA 'N SEMINAAR OOR MIDDELMISBRUIK

Die Departement van Gesondheid gaan die kollege besoek om studente oor die misbruik van middels in te lig. Die besluit is beïnvloed deur die vinnige styging in die aantal gevalle van middelmisbruik en die gepaardgaande las op gesondheid en die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika.

Onthou, middelmisbruik dra by tot gesondheidsverwante toestande soos sterftes, beserings, geweld, MIV/VIGS, tuberkulose en chroniese siektes soos kardiovaskulêre siekte, kanker en geestesteurings.

Bywoning sal jou help om soveel moontlik te leer om sulke situasies te vermy en dit sal jou help om jou vriende wat reeds in gevaar is, te ondersteun.

Die spreker sal die volgende vrae/onderwerpe hanteer en pamflette versprei:
1. Wat is verslawing?
2. Die verskillende tipes verslawing
3. Hoe kan 'n mens weet dat iemand verslaaf is?
4. Die invloed van verslawing
5. Organisasies wat jou kan help

DATUM: 31 Oktober 2024
TYD: 09:00
PLEK: Kollege Ouditorium

Ek sien daarna uit om jou daar te sien!

Die uwe
Mnr. TP Thulo (VSR-PRESIDENT)

7. Paragraaf 2: Regsbelyn✓
8. Paragraaf 2: Kursief✓
9. Paragraaf 3: 'ondersteun' dubbele onderstreping✓
10. Bokas/onderkas (slegs nuwe teks)✓
11. Reël-/letterspasiëring (slegs nuwe teks)✓
12. Genommerde lys ingevoeg✓
13. Datum, Tyd & Plek: Kursief✓
14. Datum, Tyd & Plek: Vetdruk✓
15. 'PHALABORWA KOLLEGE' geskrap✓
16. Op EEN A4-bladsy gedruk✓
17. Bladsygerigtheid: Portret✓

A	M	T
3	17	20

[20]

TOTAAL AFDELING A: 35

VRAAG 3

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**5**
MANIPULASIE	**10**
TOTAAL	**15**

VRAAGNR.	PUNTE	AKKURAATHEID
3.1	✓✓✓✓✓	Penaliseer vir alle tikfoute. Akkuraatheidsfoute sluit spelling, weglating en herhaling van teks in. Trek EEN punt per fout in die dokument tot 'n MAKSIMUM van VYF punte af. Moenie vir herhaalde foute penaliseer nie. Moenie punte vir bokas, onderkas, woord- en letterspasiëring onder akkuraatheid aftrek nie.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
3.2	1	✓	Kopskrif: Korrek ingevoeg
	2	✓	Kopskrif: VRAAG 3, linksbelyn
	3	✓	Kopskrif: EKSAMENNOMMER regsbelyn
3.3	4	✓	Lettertipe: Goudy Old Style (konsekwent deur die hele dokument)
	5	✓	Lettergrootte: 11
3.4	6	✓	Oop rye: Ry 5 en Ry 7 (Penaliseer indien EEN van die reëls NIE oop gelaat is nie)
3.5	7	✓	Kolombreedtes korrek aangepas (alle inligting is duidelik sigbaar)
3.5 / 3.7	8	✓	Bladsygerigtheid: Portret
3.5 / 3.7	9	✓	Op EEN A4-bladsy gedruk
3.7	10	✓	SONDER ry- en kolomopskrifte gedruk

Kopiereg voorbehou

2. Kopskrif: VRAAG 3, linksbelyn✓

VRAAG 3

3. Kopskrif: Eksamennr, regsbelyn✓

EKSAMENNOMMER

1. Kopskrif: Korrek ingevoeg✓

4. Lettertipe: Goudy Old Style✓

5. Lettergrootte: 11✓

WE CARE ALCOHOL AND DRUG CENTRE
HAMILTONSTRAAT 100
KAAPSTAD
8001

TOELATINGSDATUM: 21 OKTOBER 2024

PASIËNT-LEIER	SAAL	AANTAL PASIËNTE	AANTAL DAE	PRYS PER DAG PER PERSOON
John	A123	6	4	R200,00
Tom	B234	10	7	R350,00
Jerry	C345	8	5	R250,00
Punt	D456	12	7	R350,00
Sam	E103	9	6	R300,00
Gert	F234	7	4	R150,00
Sipho	G345	11	7	R350,00
Thato	H456	13	7	R350,00

6. Oop rye: Ry 5 & Ry 7✓

7. Kolombreedte aangepas✓

8. Bladsygerigtheid: Portret✓

9. Op EEN A4-bladsy gedruk✓

10. SONDER ry- en kolomopskrifte gedruk✓

A	M	T
5	10	15

[15]

VRAAG 4

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**2**
MANIPULASIE	**23**
TOTAAL	**25**

VRAAGNR.	PUNTE	AKKURAATHEID
4.4 4.5	✓ ✓	Penaliseer vir alle tikfoute soos spelling, weglating of herhaling van teks. Trek EEN punt per fout tot 'n MAKSIMUM van TWEE punte af.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
4.1	1	✓	VRAAG 3 na VRAAG 4 verander
4.2	2	✓	Hoofopskrif: Lettertipe: Forte
	3	✓	Hoofopskrif: Lettergrootte: 20
4.3	4	✓	Hoofopskrif: Korrek saamgevoeg en oor sel A1 tot H1 gesentreer
4.4	5	✓	Subopskrifte: 'TOELATINGSDATUM' korrek in Ry 6 met ooreenstemmende inligting ingevoeg
4.5	6	✓	Nuwe kolom ingevoeg: BRUTO BEDRAG BETAALBAAR
	7	✓	Nuwe kolom ingevoeg: TOELATINGSFOOI 10%
	8	✓	Nuwe kolom ingevoeg: NETTO BEDRAG BETAALBAAR
	9	✓	Nuwe ry ingevoeg: TOTALE BEDRAG
4.6	10	✓	Kolomopskrifte: Vetdruk
	11	✓	Kolomopskrifte: Regsbelyn
4.7	12	✓	A: BRUTO BEDRAG BETAALBAAR korrek bereken
	13	✓	B: TOELATINGSFOOI 10% korrek bereken
	14	✓	C: NETTO BEDRAG BETAALBAAR korrek bereken
	15	✓	D: TOTALE BEDRAG (TOELATINGSFOOI 10%-kolom) korrek bereken
	16	✓	D: TOTALE BEDRAG (NETTO BEDRAG-kolom) korrek bereken

Kopiereg voorbehou

4.8	17	✓	Alle waardes in Kolom F, G en H as geldeenheid vertoon.
	18	✓	Alle waardes in Kolom F, G en H met TWEE desimale plekke vertoon
4.9	19	✓	Horisontale en vertikale strepe ingevoeg
4.10	20	✓	Kolombreedtes korrek aangepas (alle inligting is duidelik sigbaar)
4.10 4.12	21	✓	Bladsyoriëntasie: Landskap
4.10 4.12	22	✓	Op EEN A4-bladsy gedruk
4.12	23	✓	SONDER ry- en kolomopskrifte gedruk

VRAAG4 1. VRAAG 3 na VRAAG 4 VERANDER EKSAMENNOMMER✓

WE CARE ALCOHOL AND DRUG CENTRE

HAMILTONSTRAAT 100
KAAPSTAD
8001

TOELATINGSDATUM: 21 OKTOBER 2024

PASIËNT-LEIER	SAAL	AANTAL PASIËNTE	AANTAL DAE	PRYS PER DAG PER PERSOON	BRUTO BEDRAG BETAALBAAR	TOELATINGS-FOOI 10%	NETTO BEDRAG BETAALBAAR
John	A123	6	4	R200,00	R4 800,00	R480,00	R4 320,00
Tom	B234	10	7	R350,00	R24 500,00	R2 450,00	R22 050,00
Jerry	C345	8	5	R250,00	R10 000,00	R1 000,00	R9 000,00
Punt	D456	12	7	R350,00	R29 400,00	R2 940,00	R26 460,00
Sam	E103	9	6	R300,00	R16 200,00	R1 620,00	R14 580,00
Gert	F234	7	4	R150,00	R4 200,00	R420,00	R3 780,00
Sipho	G345	11	7	R350,00	R26 950,00	R2 695,00	R24 255,00
Thato	H456	13	7	R350,00	R31 850,00	R3 185,00	R28 665,00
TOTALE BEDRAG						R14 790,00	R133 110,00

A	M	T
2	23	25

2. Hoofopskrif: Lettertipe: Forte✓
3. Hoofopskrif: Lettergrootte: 20✓
4. Hoofopskrif: Saamgevoeg & oor sel A1 tot H1 gesentreer✓
5. Subopskrif: 'TOELATINGSDATUM' korrek met ooreenstemmende inligting ingevoeg✓
6. Nuwe kolom ingevoeg: BRUTO BEDRAG BETAALBAAR✓
7. Nuwe kolom ingevoeg: TOELATINGSFOOI 10%✓
8. Nuwe kolom ingevoeg: NETTO BEDRAG BETAALBAAR✓
9. Nuwe ry ingevoeg: TOTALE BEDRAG✓
10. Kolomopskrifte: Vetdruk✓
11. Kolomopskrifte: Regsbelyn✓
12. A: BRUTO BEDRAG BETAALBAAR korrek bereken✓
13. B: TOELATINGSFOOI 10% korrek bereken✓
14. C: NETTO BEDRAG BETAALBAAR korrek bereken✓
15. D: TOTALE BEDRAG (TOELATINGSFOOI 10%-kolom) korrek bereken✓
16. D: TOTALE BEDRAG (NETTO BEDRAG-kolom) korrek bereken✓
17. Alle waardes in Kolom F, G & H as geldeenheid vertoon✓
18. Alle waardes in Kolom F, G & H met 2 desimale plekke vertoon✓
19. Horisontale en vertikale strepe ingevoeg✓ [25]

20. Kolombreedtes korrek aangepas✓
21. Bladsyoriëntasie: Landskap✓
22. Op EEN A4-bladsy gedruk✓
23. SONDER ry- en kolomopskrifte gedruk✓

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5


PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**2**
MANIPULASIE	**23**
TOTAAL	**25**


VRAAGNR.	PUNTE	AKKURAATHEID
5.1	✓✓	Penaliseer vir alle tikfoute soos spelling, weglating of herhaling van teks. Trek EEN punt per fout tot 'n MAKSIMUM van TWEE punte af. Let wel: Indien kandidate die uitleg van die skyfie of die instruksies oorgetik het, bv. 'SKYFIE 1: *TITLE*-SKYFIE', trek EEN punt in TOTAAL vir akkuraatheid af.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
5.2	1	✓	Skyfie 1: *Title*-skyfie ingevoeg
5.2.1	2	✓	Titel: Lettertipe: Imprint MT Shadow
	3	✓	Titel: Lettergrootte: 48
5.2.2	4	✓	Titel: Regsbelyn
5.2.3	5	✓	Subtitel: Sentreer
5.2.4	6	✓	Voetskrif ingevoeg: VRAAG 5 en EKSAMENNOMMER
	7	✓	Voetskrif: Op ALLE skyfies aangebring
5.3	8	✓	Skyfie 2: *Title and Content*-skyfie ingevoeg
5.3.1	9	✓	Titel: Lettertipe: Century Gothic
	10	✓	Titel: Lettergrootte: 44
5.3.2	11	✓	Titel: Bokas
	12	✓	Titel: Onderstreep
5.3.3	13	✓	Genommerde lys ingevoeg
	14	✓	Teks in kursief vertoon
5.4	15	✓	Skyfie 3: *Comparison*-skyfie ingevoeg
5.4.1	16	✓	Linkerkolom: Genommerde lys ingevoeg
	17	✓	Linkerkolom: Teks in vetdruk
5.4.2	18	✓	Regterkolom: Kolpuntlys ingevoeg
	19	✓	Regterkolom: Frases onderstreep
5.1	20	✓	Bokas en onderkas konsekwent deur die hele dokument
5.5	21	✓	Tema (*Wood Type*) in alle skyfies gebruik.
5.7	22	✓	UITDEELSTUK gedruk
	23	✓	DRIE skyfies op EEN bladsy gedruk


Kopiereg voorbehou



1. *Title*-skyfie ingevoeg✓
2. Titel: Lettertipe: Imprint MT Shadow✓
3. Titel: Lettergrootte: 48✓
4. Titel: Regsbelyn✓
5. Subtitel: Sentreer✓
6. Voetskrif ingevoeg: VRAAG 5 en EKSAMENNOMMER✓
7. Voetskrif: Op ALLE skyfies aangebring✓



8. *Title and Content*-skyfie ingevoeg✓
9. Titel: Lettertipe: Century Gothic✓
10. Titel: Lettergrootte: 44✓
11. Titel: Bokas✓
12. Titel: Onderstreep✓
13. Genommerde lys ingevoeg✓
14. Teks in kursief vertoon✓



15. *Comparison*-skyfie ingevoeg✓
16. Linkerkolom: Genommerde lys ingevoeg✓
17. Linkerkolom: Vetdruk ✓
18. Regterkolom: Kolpuntlys ingevoeg✓
19. Regterkolom: Frases onderstreep✓
20. Bokas & onderkas konsekwent✓
21. Tema: (*Wood Type*) in alle skyfies gebruik.✓
22. UITDEELSTUK gedruk✓
23. DRIE Skyfies op EEN bladsy gedruk✓

A	M	T
2	23	25

TOTAAL AFDELING C: [25]
TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou